



GELEENTHEDE VIR DIE GEMEENSKAP DEUR HERNUBARE ENERGIE

Daar sal in Junie 2018 met die oprigting van die Kangnas-windkragaanleg begin word. Dit sal die heel eerste windkragaanleg in Springbok wees. Die windkragaanleg in die Nama-Khoi-munisipaliteit sal altesaam 61 windturbines oplewer wanneer dit voltooi is.

Hierdie projek sal die toenemende vraag aan elektrisiteit in Suid-Afrika aanspreek en ook die land se ekonomie en sy mense tot voordeel strek.

KONSTRUKSIEVENNOTE

Die Kangnas-windkragaanleg vorm deel van die Suid-Afrikaanse regering se program vir hernubare energie (REIPPP) en sal deur 'n ervare span, wat uit verteenwoordigers van **Siemens asook die Concor-Conco Konsortium** bestaan, opgerig word.

HOE SAL DIE GEMEENSKAP UIT DIE WINDKRAGAAANLEG BAAT?



Werkseleentehede, vaardigheidsontwikkeling, sosio-ekonomiese ontwikkeling en ondernemingsontwikkeling is 'n paar van die maniere wat plaaslike gemeenskappe, wat binne 'n 50km radius van die Kangnas-windkragaanleg bly, oor 'n tydperk van 20 jaar uit die projek sal baat.

Ekonomiese ontwikkeling: 2.8% van die windkragaanleg se inkomste sal aan sosio-ekonomiese ontwikkeling bestee word en 0.2% daarvan aan ondernemingsontwikkeling oor 'n periode van 20 jaar.

Eienaarskap van gemeenskapstrust: 2.5% van die windkragaanleg sal deur 'n plaaslike gemeenskapstrust besit word wat ten bate van die gemeenskap opgestel sal word.

WERKSELEENTHEDE

Die hoeveelheid werkseleentehede sal gedurende die konstruksieperiode wissel met plaaslike indiensneming wat gedurende Augustus, September, Oktober en November 2018 'n hoogtepunt sal bereik. **'n Geraamde 150 werkseleentehede sal geskep word.**

Hoe om vir werk aansoek te doen?

Dien jou CV by die kantoor van jou plaaslike raadslid in of by die kantoor van die gemeenskap skakelbeampte en verskaf jou besonderhede.

PLAASLIKE VERSKAFFERS

Die Kangnas windkragaanleg en sy kontrakteurs **sal wanneer moontlik van plaaslike goedere en dienste gebruik maak.**

Ondernemings wat belangstel om goedere en dienste te verskaf moet die gemeenskap skakelbeampte kontak. Plaaslike ondernemings sal op 'n databasis gelys word en subkontrakteurs en verskaffers sal uit hierdie databasis gekies word.






NAVRAE, BEKOMMERNISSE EN GESKILLE TEN OPSIGTE VAN DIE KANGNAS-WINDKRAGAAANLEG

'n **Gemeenskapsforum en 'n komitee vir gemeenskapsbetrokkings** sal op die been gebring word om navrae, bekommernisse en geskille ten opsigte van die Kangnas-windkragaanleg te hanteer.

Die Gemeenskapsforum sal onder meer uit gemeenskap **verteenwoordigers bestaan**.

Lede van die gemeenskap sal in staat wees om met 'n gemeenskapsskakelbeampte en die Kangnas-windkragaanleg se projekteampte in verbinding te tree aangaande enige navrae, bekommernisse en klagtes wat daar mag wees. Hierdie **rolspelers sal die kwessies dan aan die Gemeenskapsforum en die komitee vir gemeenskapsverhoudings oordra**.

VLOEIDIAGRAM TEN OPSIGTE VAN KANGAS-WINDKRAGAAANLEG SE GEMEENSKAPSBETROKKEHEID



PLAASLIKE KANTOOR

Besoek ons plaaslike kantoor in Springbok voor 18 Junie 2018 vir verdere inligting.

Kontakbesonderhede:
